

By JonaEl. Kritiek van die leerlinge op die Meester

54 Nadat die inwoner geloop het, het Ek **JonaEl se vrou en dogters** teruggeroep, wat uit vrees teruggewyk het na hul huis toe hulle die inwoner by My gesien het.

[2] In reaksie op My geroep, het hulle haastig met vriendelike, vroom gesiggies op My afgepyl en My met trane in hul oë bedank, omdat Ek hulle weer hul onskuld, wat deur hierdie bose mens besoedel was, aan hulle teruggee het.

[3] Ek het My hand op hul hoofde gelê, **hulle geseën en vir hulle gesê om die heeldag aan My sy te wandel**. Hulle het egter verskoning aangebied en gesê: "O, Meester, ons is sulke groot barmhartigheid nie werd nie. Ons sal ons daarin verbly om U te volg as die laastes in hierdie groot skare."

[4] **Ek** sê egter: "Ek ken julle nederigheid goed en juis daarom roep Ek julle om op hierdie dag in hierdie omgewing na aan My op My weg te wandel.

[5] Die dogters het My bedank vir hierdie onbegryplike, hoogste voorreg. **JonaEl** vra toe aan die dogters: "My liewe dogters, waar het julle hierdie **pragtige klere** gekry wat julle so mooi pas?"

[6] Toe eers kom die dogters agter dat hulle klere aan het van die fynste en beste materiaal; dat hulle hoofde met die kosbaarste diademe versier is, en dat hulle lyk soos **dogters van `n koning!**

[7] Nadat die sewe van sulke prag gewaar word, was hulle buite hulleself en hulle harte was aan die brand van liefde en bewondering en in die soetste verwarring, weet hulle nie wat oor hulle gekom het nie. Na `n ruk van verstomming, vra hulle eers aan JonaEl hoe dit dan gebeur het, want hulle het niks daarvan geweet dat iemand sulke pragtige klere en diademe aan hulle gegee het nie!

[8] **JonaEl**, self betower oor die groot vreugde en bekoring van sy dogters, sê egter: "By Hom wat julle geseën het, bedank Hom. **Hy het dit wonderbaarlik aan julle gegee!**"

[9] Hierna het die kinders op My geval en geween van liefde en vreugde en was nie by magte om te praat nie. **Die leerlinge** agter My, het egter gesê: "As so iets net in `n huis geskied het, maar hier op die straat, ten aanskoue van etlike duisende, maak die saak des te meer opsigtelik."

[10] **Ek** het egter wel hul praatjies gehoor en het My tot hulle gewend en gesê "Ek is al lankal by julle, maar nog nooit het julle sulke vreugde in My hart berei soos hierdie sewe dogters hier nie. Ek sê vir julle, hulle is al op die regte weg en is uitverkore. As julle nie op hierdie weg wandel nie, dan sal julle in My koninkryk nie ingaan nie, **want die kinders wat**

so na My toe kom, sal ook by My bly. Diegene wat egter net kom om te loof en te prys, hulle sal net My afskynsel, **maar nie Myself in hulle midde hê nie!**

[11] My ware koninkryk is egter net daar waar Ekself regstreeks is, in elke faset. Die Meester is ook volkome Meester oor die hele wêreld en hoef geen bedenkinge te hê oor wat die dwase wêreld daarvan dink, of nie! Het julle dit verstaan?"

[12] Sê **Petrus**: "Meester, wees geduldig oor ons dwaasheid. U weet tog dat ons ons opvoeding [vorming] nie uit die hemele, maar wel uit die wêreld ontvang het! Alles sal weer goed gaan, want ons is lief vir U bo alles, anders sou ons U nie gevolg het nie."

[13] **Ek** sê: "Bly dus in die liefde en neem geen kennis van hierdie wêreld nie, maar net van My uit die hemele." Hiermee was die leerlinge tevrede en het my in hul harte geprys!

By Esau se kasteel. Die koopman en die hoogste amp

55 Ons het egter begin om ons reis voort te sit, en het na `n uur by `n skoon, skaduryke woud, wat aan `n ryk koopman van Sigar behoort het, aangekom. In hierdie woud is allerhande versierings aangebring, soos klein tuintjies, spruitjies, damme met allerlei visse en voëls en aan die einde van die uitgestrekte woud, staan `n ou kasteel, omring deur versterkte mure. **Hierdie kasteel is deur Esau gebou en hy het self daarin gewoon**, terwyl Jakob in die vreemde was. Met die tyd het storms dit verweer en verniel, maar die koopman het groot somme geld daarop spandeer en dit goed bewoonbaar gemaak. Hierna woon hyself en sy gevolg in hierdie kasteel, soos wat dit nou die geval is. Alhoewel hy nog baie ander landgoed besit het, en `n man was wat weldade verrig het, het hy nie daarvan gehou dat te veel mense die plek vertrap nie. Hy het die grootste deel van die landgoed gehou met die doel om dit vir **kultuuraangeleenthede** aan te wend.

[2] Toe hy die groot volksmenigte, wat deur die woud teen sy kasteelmuur beweeg, vanuit sy kasteel waargeneem het, het hy dadelik van sy baie diensknegte gestuur om aan ons te vra wat ons daar soek en om ons te verwyder.

[3] **Ek** het egter aan die knegte gesê: "Gaan heen na julle hoof en sê vir hom dat sy Meester hom laat weet het dat Hy, met almal wat by Hom is, die middag by hom sal deurbring."

[4] Die dienaars en knegte het dadelik omgesprong om dit aan hulle hoof mee te deel. Hy vra hulle toe of hulle dan nie geweet het wie Hy is wat dit van hom [sy hoof] verlang nie. Die knegte en dienaars sê toe aan hulle hoof dat hulle dit presies so oorgedra het dat Hy hulle en sy Meester [Heer] is. Hoe kan jy ons so iets vra: **Sewe koninklike dogters begelei Hom** en agter hulle volg `n ontelbare skare Hom.

Moontlik is Hy `n vors uit Rome en dit sal raadsaam wees om Hom tegemoet te gaan en Hom by die groot Muurpoort, met eer te ontvang.

[5] Toe die **koopman** dit verneem, sê hy: "Bring dadelik **my duurste feesklere** en sorg dat elkeen so feestelik moontlik daar uitsien, want so `n Vors moet skitterend ontvang word!"

[6] Alles in die kasteel is dadelik in rep en roer! Die manlike en vroulike kokke het die spense binne gehardloop en bring allerhande spyse in massas na die kombuis. Die tuinbediendes samel in die groot tuine die smaaklikste vrugte in.

[7] Na `n rukkie kom die vors van die kasteel, met sy vernaamste onderdane, in glorieryke pakke, na My toe en buig drie maal laag na die aarde toe **en heet My en My hele gevolg welkom**. Hy spreek sy dank uit oor die allerhoogste eerbewys wat Ek hom aandoen, want hy was vas oortuig dat Ek `n Romeinse vors was.

[8] **Ek** het hom egter aangekyk en hom gevra: "Vriend, wat is die hoogste posisie wat `n mens op aarde kan beklee?"

[9] Sê die **ryk koopman**: "Meester, vergewe U gehoorsame slaaf! Ek is so dom dat ek U wyse vraag nie verstaan nie. Kom af van U onmeetbare wysheidshoogte en stel U vraag, sodat ek dit in my uiterste domheid ook kan verstaan!" *[Hy het wel die vraag verstaan, maar dit was destyds hoflikheids-etiket om die eenvoudigste vraag nie dadelik te verstaan as jy deur `n hooggeplaaste persoon iets gevra was nie. Daardeur word die wysheidsvlak van die hoër persoon verhoog].*

[10] **Ek** sê egter aan hom: "Vriend, jy het reg verstaan en maak net of jy My uit hoflikheidsredes nie verstaan het nie. Stel al hierdie nietighede tersyde en antwoord My vraag."

[11] **Die koopman** sê toe: "Ja, as ek dit durf waag om U hoë vraag, hooggeagte Meester, te beantwoord, sal ek die vraag, wat ek wel verstaan het, met U goedkeuring soos volg antwoord: Ek beskou die Keiser se amp as die hoogste gesag wat `n mens op aarde kan beklee."

[12] **Ek** sê: "Maar vriend, waarom weerspreek jy jou teen jou eie gewete en teen **jou eie slagspreuk** wat sê: **Die Waarheid is die hoogste en mees heilige op aarde en `n beampte wat die Waarheid en Geregtheid dien, beklee die hoogste en belangrikste amp op aarde?** Sien, dit is jou leuse! Hoe kan jy `n keiserlike amp as die hoogste ag, wat deur geweld en as opperbevelvoerder, sy amp bekom het en wat nie altyd op waarheid en geregtigheid berus nie. Dit weerspreek mos jou innerlike oortuigings."

[13] **Die ryk koopman** se oë het groot gerek en na `n rukkie antwoord hy: "U Hoogheid, wie het my leuse [slagspreuk] aan u bekend gemaak? Ek het dit derduisende kere deur my gedagtes laat gaan, maar nooit hard uitgespreek nie. Ons weet mos alte goed dat `n mens met die naakte waarheid nie altyd die beste daaraan toe is nie, want `n mens moet dit soms opoffer, terwille van politieke redes, om ongeskonde by mense verby te kom."

[14] Ek het opgelet dat U, hoë Vorsteseun, self `n liefhebber is van die Waarheid en Geregtheid. Daarom sal dit geleë wees vir my om met die wonderlike waarheid met U om te gaan, want werklike hooggeplaastes wil nie graag die waarheid hoor nie, en **hou meer van vleitaal**, wat hulle graag hoor en menslike geregtigheid bestaan nie vir hulle nie. Wat hulle wil hê, neem hulle met geweld. Of die armes oor die ongeregtigheid, soos nou, of vroeër, kla, dis vir die groot here om te ewe. Daarom moet `n mens polities ingestel wees en verfynd met hulle praat, anders eindig jy in die gevangenis, met bewaarders [galeie] wat `n mens se marteling en pyn vermeerder."

[15] **Ek** sê: "Jy het goed en waar gepraat en Ek deel jou siening, maar sê tog vir My, vir wie sien jy My aan?"

[16] Sê die **koopman**: "Meester, dit is `n baie ongemaklike vraag. Sê ek te veel, dan word ek uitgelag en sê ek te min, dan beland ek in die kerker. Daarom sal dit beter wees as ek U die antwoord skuldig bly, as wat ek dalk vir die antwoord in die kerker beland, met marteling en pyn as tydverdryf."

[17] **Ek** sê: "Indien ek jou die versekering gee dat jy nie die een of ander hoef te vrees nie; sal jy my dan antwoord? Sê dit nou reguit: Vir wie sien jy My aan?"

[18] Sê die **koopman**: "Vir `n vors uit Rome, as ek dan iets moet sê."

[19] **JonaEI** het toe agter My geantwoord: "Dit is veels te laag, jy sal ietwat hoër moet raai, want met die Romeinse vors sal jy nog nie naby aan reg wees nie."

[20] **Die koopman** antwoord skrikkerig: "Is dit tog nie die keiser self nie?"

[21] Sê **JonaEI**: "Nog steeds te laag. Raai heelwat hoër!"

[22] Sê die **koopman**: "Ek sal dit maar daar laat, want hoër as `n keiser van Rome kry `n mens nie!"

[23] Sê **JonaEI**: "Ja, tog, `n mens kry veel hoër. Dink mooi na en antwoord my sonder om te aarsel, want ek sien in jou hart dat **die keiser van Rome die laagste plek het**; waarom praat jy anders as wat jy in jou dink en voel? Praat dus die waarheid."